

22 Januarie

Psalm 4, (Teks: 4:3)

Moedskep uit die verlede

Ons moet altyd met ons voete vierkantig in die hede staan. As gelowiges moet ons betrokke wees in die lewe, ons samelewing en ons gemeente. Oral waar ons kom, in alles wat ons doen, is ons geroep om uitdrukking te gee aan die koningskap van God deur sy Gees en Woord in ons lewe. Ons is immers God se verteenwoordigers (Gen. 1:27).

Ons beleef ons lewe en die gebeure in ons lewe op verskillende maniere - as vreugde of hartseer, as pyn en benoudheid, as kwelling of bevryding. Ons kan ons soms blind staar teen die nood van die hier-en-die-nou. Vraagstukke, uitdagings of die nood word soms vir ons te magtig en aan jou eie lyf beleef jy wat die spreekwoord sê: Nood leer bid.

Die Psalmdigter verkeer in nood. Presies wat dit is maak nie saak nie. Nood is mos so 'n lekker bondelwoord - dit bedoel 'n klomp dinge. Die nood waarin die digter nou verkeer herinner hom aan 'n ander keer: "Toe ek in die nood was..." Daardie keer toe hy in die nood was, bely die digter: "het U my bevry." (1953 "het U vir my ruimte gemaak.") Die hede herinner hom aan die verlede en uit dit wat hy beleef het in die verlede skep hy moed vir die toekoms. Dit is dus nodig dat 'n mens herinner word aan die verlede. Wanneer 'n mens ver genoeg terugkyk in die verlede, dan sien ons die nood van Jesus Christus aan die kruishout op Golgota. In Hom was ons in die nood en deur die offer wat Hy aan die kruis gebring het, het Hy vir ons bevryding uit die nood van die sonde bewerk en het Hy vir ons ruimte by God gemaak.

Ons het soveel ruimte by God dat ons Hom as Vader mag aanroep. Ons mag ons Vader ook aanroep in ons nood. Hy wag dat sy kinders tot Hom roep. Maar deur die nood wat Hy aan die kruis gedra het, het ons ook die versekering dat ons in ons grootste nood en beproewing nooit van die liefde van God geskei sal wees nie.

As ons eerlik in die lig van God se genade in Christus ook terugkyk op ons eie lewens, dan sien 'n mens daar ook die bakens van "God wat help in nood" (Ps. 99:2 berymd). Ons skep moed vir die toekoms uit die verlede, want in die verlede staan die kruis en die bevryding van die kruis geld vir vandag en môre.

Sing: Psalm 99:2

Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)